# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE
REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ / - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 FEBRUARY **No. 08**


DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

SPREUKE 21:22-31

22 'n Wyse man kan selfs 'n stad vol dapper verdedigers oorwin en die vesting waarop hulle vertrou, laat val.
23 Wie sy mond en sy tong in toom hou, hou hom uit gevaar.
24 'n Ligsinnige mens is hovaardig en aanmatigend, sy hovaardige optrede het geen perke nie.
25 'n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie;
26 hy sit die hele dag net en wens. Die regverdige kan gee sonder om suinig te wees.
27 Die Here het 'n afsku in die offers van goddeloses, te meer as hulle dit bring met slegte bedoelings.
28 'n Vals getuie gaan sy dood tegemoet. 'n Betroubare getuie se getuienis het betekenis.
29 'n Slegte mens gee voor dat hy weet wat hy doen; 'n eerlike mens bly by die koers wat hy gekies het.
30 Teenoor die Here geld geen menslike wysheid, insig of besluit nie.
31 Perde kan afgerig word vir oorlog, maar dit is die Here wat die oorwinning gee.

# HARDLOOP OM TE WEN!



### RUN TO WIN!

*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Die 1986 Asië Spele. Die 800m finaal in Seoel was volgende op die program. (Jy was dalk toe nog nie gebore nie). Die hele nasie het gebewe van afwagting vir Shiny Abraham, een van Indië se beste atlete, om 'n naelskraap oorwinning te behaal. Die skares het gehoop sy sal die goue medalje verower.

Onbeskryflik was die trots en blydskap van elke Indiër toe Shiny eerste oor die wenstreep gaan. Luide gejubel het uit huise oor die land weerklink. Maar, die opwinding was kort van duur. Kort voor lank was daar 'n aankondiging dat Shiny gediskwalifiseer is omdat sy te gou van lane verwissel het.

Die nasie se gesamentlike opgewondenheid het hartseer geword. Shiny se harde werk, deursettingsvermoë en volgehoue pogings was nie genoeg om 'n welverdiende oorwinning te verseker nie. Dit was 'n harde slag, nie net vir Shiny nie, maar vir elke Indiër wat haar bewonder het en

*....verv. op.bls. 3*


Echo of His Call



*YouTube Christian Channel !*

Jy sal die geleentheid kry om saam met **Pr. S. Sam Selva Raj** te bid!

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**


Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

ECHO OF HIS CALL 1969-2019
REACHING NATIONS



## *van julle geliefde broer...*



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call


**... "Ek sal jou beslis ryklik seën en jou 'n baie groot nageslag gee." – Hebreërs 6:14.**

Geliefdes in die Here,

Hartlike groete in die kosbare Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus! Kom gee hier aan die begin van 2025 eer aan God vir sy oorvloedige genade en getrouheid. Lof aan sy heilige Naam!

Hoe gaan die met julle? Ek hoop hierdie boodskap bereik julle in goeie gesondheid en vaste geloof. Ons moet altyd dankbaar wees teenoor ons Heer Jesus Christus vir die ontelbare seëninge wat Hy oor ons uitgiet. Ek het vanoggend gebid vir julle geestelike, liggaamlike en emosionele welsyn.

Ek voel gelei om 'n diep en treffende wydingsboodskap met julle te deel:

### KASTYDING IS NIE STRAF NIE!

Wanneer ons gereeld God se verlossing ervaar sonder om dit behoorlik te erken of te waardeer, kan ons maklik selftevrede raak. Trots kan ongesiens in ons hart inkruip en so ons afhanklikheid van God aftakel en ons dankbaarheid laat afneem. Hieroor kan God ons in sy liefde aanspreek om ons op koers te kry.

As ons nie op sy teregwysing reageer nie, kan God dalk oomblikke van droefheid toelaat om ons nederig te hou en nader na Hom te trek. Dit is die soort besoeking waarna in Psalm 119:75 verwys word, nie as straf nie maar as liefdevolle teregwysing sodat ons nie afdwaal nie.

God se karakter is gewortel in liefde en getrouheid. Sy trou teken stabiliteit en onwankelbare toegewydheid. Anders as mense vergeld God nie met bose opset nie; nee, Hy bly bestendig in sy liefde. Moenie droefheid as straf vir ongehoorsaamheid beskou nie. Straf is bedoel vir hulle wat van God vervreemd is, terwyl kastyding 'n liefdesaksie is vir sy kinders wat iewers die pad bietjie byster geraak het.

God kasty nie sy kinders uit woede nie, maar uit 'n diep begeerte om hulle te sien groei en blom. As ons dit verstaan help dit ons om kastyding te aanvaar met 'n dankbare hart en goeie gesindheid. Josef is 'n buitengewone voorbeeld van iemand wat sulke beproewing aanvaar het met die regte perspektief. (Genesis 50:15-21).

**Ek weet, Here, dat u bepalings regverdig is. Dat U my laat swaarkry, is 'n teken van u trou.** (Psalm 119:75).

God seën julle oorvloedig!

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. ALEX SAMSON SAM, PS. S. SAM SELVA RAJ
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ✿ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ✿ YouTube Ministry ✿ Online Courses ✿ Theological Correspondence Courses (2 languages) ✿ Church Planting ✿ Nehemiah Bible Colleges ✿ Gospel Printing Press ✿ Great Commission Partners ✿ St. Paul's Matriculation School ✿ Crusades ✿ Community Development

## ❀ VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS ❀

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls. 1*

in haar geglo het. Nou nog, as ek daardie oomblik oordink, dan bloei my hart vir Shiny, die atleet vir wie ek groot respek en bewondering gehad het.



## Hardloop om te Wen!

Die lewe is 'n wedloop en God het vir elkeen 'n eie roete ontwerp. Party is naellopers, ander is langafstand hardlopers en nog ander hindernis atlete, en elkeen benodig afsonderlike vaardighede en strategieë. Ons kan nie iemand anders se wedloop hardloop nie want God het vir elkeen sy eie goddelike plan.

Verskillende wedlope vereis verskillende vlakke van uithouvermoë, strategie en krag. 'n Naelloper skuif nie maklik oor na langafstand hardloop nie, en 'n maraton-atleet kan nie snellope doen sonder behoorlike voorbereiding nie. Soortgelyk het God ons toegerus met genade en vermoë vir die wedloop wat Hy vir ons voorberei het.

Hardloop jou wedloop met volharding, jou oog nie gerig op 'n ander se wenstreep nie, maar op die eindpunt wat God vir jou beplan het.

As ons kies om 'n ander soort wedloop te doen – omdat dit gewild is, of mode, of omdat dit veilig voorkom – dan mis ons die kern van ons doel. Dan kan ons nie die resies wat werklik saak maak wen nie. Die belangrikste doel is om te bly op die koers wat God vir ons beplan het en sy beloofde prys te wen.

As ons afdwaal van ons aangewese roete en iemand anders se koers volg, gaan ons verloor, selfs al kom ons eerste. Dit sal nie ons prys wees nie. Daarom leer die Bybel ons:

**Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen.** (1 Korintiërs 9:24).

## HOE HARDLOOP ONS DIE WEDLOOP?



### 1. HARDLOOP IN GELOOF!

**Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.** (2 Timoteus 4:7).

Ons moet gelowig volhou as ons die prys wil wen. Geloof is noodsaaklik in elke deel van ons lewens – in ons werk, huwelik, geld, verhoudings, en ons geestelike reis.

Die wedloop waaroor God ons geroep het is nie 'n vinnige 50 meter nie; dit is 'n veldslag. Paulus sê: “Ek het die goeie stryd gestry.” Ons is daagliks in 'n geestelike stryd teen die wêreld se regeerder wat God se doel vir ons lewens wil dwarsboom. **Sy teiken is duidelik: steel, moor en verwoes** (Johannes 10:10). Hy wil ons geloof in ons Skepper uitdaag, 'n strategie wat hy in Edentuin al begin het.

Die slang het God se getrouheid bevraagteken en so twyfel gesaai in Eva se gemoed. Dit het haar vertroue in God en sy bevel ondermyn, en so haar geloof vernietig. Dit staan so geskryf:

**Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.** (Genesis 3:4–5).

Met hierdie bedrog het die slang die pragtige verhouding gesteel, vermoor en verwoes wat Adam en Eva met hul Skepper gedeel het.

God roep ons om getrou te wees want Hy is getrou. Hebreërs 10:23 herinner ons: **Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou.**

Wanneer God iets beloof, vervul Hy dit. Selfs wanneer dit voel asof jou gebede vir jare nie gehoor word nie, weet dat Hy jou nie vergeet het nie. Psalm 56:8 gee die versekering dat God elke traan opgevang het en dit in sy rekord hou. Hy is altyd getrou aan sy mense en sal hulle antwoord op sy perfekte tyd.

So, hardloop jou wedloop, selfs al sien jy geen getuienis van sy werk nie. Vertroue in ons getroue God vereis vaste geloof. Hy het ons

reeds vermaan: **Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.** (Openbaring 2:10).

Ons hardloop nie 'n maklike wedloop nie – dit is soos 'n hindernis-wedloop, vol verskeie hindernisse so waterpoele, oop slote en heinings. Maar tog is ons geroepe om vas in die geloof te bly hardloop.

As ons vashou aan ons geloof ten spyte van vervolgings en uitdagings – of dit fisies is, emosioneel, geestelik of geldelik – sal ons die oorwinnaarskroon kry. Ons kan nie bekostig om halfpad deur die wedloop om te draai nie. Ons moet eerder deurdruk met integriteit in ons harte en geloof in ons gemoed.

Getrouheid in ons roeping is hoofsaak, ongeag wat ons huidige omstandighede is. Wat God aan ons toevertrou het – groot of klein verantwoordelikheid – ons moet getrou bly. Selfs in 'n nederige posisie binne 'n klein besigheid, bly getrou. Wees getrou wanneer niemand sien nie, want God sien alles.

Werk ywerig, soos die Bybel ons vermaan: **Jy sien self: iemand wat vaardig is in sy werk, kom in die diens van konings, nie in die diens van mense sonder aansien nie** (Spreuke 22:29).

Jy word dalk nie waardeer by jou werkplek nie – bly getrou. Jy kry dalk geen erkenning tussen jou vriende of familie nie – bly getrou. Dalk voel jy onbelangrik in jou kerklike gemeenskap – bly getrou. God, die Een wat kan vergoed, sien wat jy in die stilte doen en sal jou in die openbaar vergoed op sy goeie tyd.

Daar kom 'n dag wanneer die Here sal sê: **'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!'** (Matteus 25:21).

Ek bid dat God vir ons die krag sal gee om vas te staan in ons geloof – getrou en onwankelbaar – sonder kompromie, ongeag die uitdagings voor ons. Mag ons strewe om ware gesante vir Jesus Christus te wees.

## 2. HARDLOOP MET VOLHARDING!

**... laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop** (Hebreërs 12:1).

Volharding, of uithou, is 'n beslissende eienskap vir enige atleet. Wanneer die wedloop moeilik raak is daar nie plek vir opgee nie. Sukses vra toewyding, dissipline en gewilligheid om jouself te druk verby persoonlike gemak. Dit vereis harde werk, moeite, sweet, pyn en soms ook teleurstelling.

So is ons Christelike wandel nie gelyk teerpad nie. Ons ondervind stryd, worsteling en verduur uitdagings wat ons geloof toets. Soms kan ons alleen voel, asof ons op 'n roete is wat ander nie verstaan nie. Ons onwilligheid om wêreldse waardes te volg kan ons laat voel ons staan uit soos 'n seer vinger.

Dit is normaal om so te voel, maar ons moet onthou hierdie pad lei na ewige vreugde en vervulling, al is die pad nou en uitdagend. Laat ons aanhou met onvermoeide vasberadenheid in die wete dat God met elke tree by ons is.

Groot manne van God het ook sulke gevoelens gehad. Elia het gekla: **"... net ek alleen het oorgebly, ..."** (1 Konings 19:10). Dawid het dikwels alleen gevoel en Moses ook. Sulke gevoelens is nie vir ons vreemd nie. En tog, wat ons aanmoedig is die **groot skare geloofsgetuies rondom ons** wat ons vooruit gegaan het (Hebreërs 12:1). Hulle voorbeelde herinner ons om nie op te gee nie.

Die tog kan uitputtend voel, maar ons moet deur druk. Hulp is altyd naby. Sommige van ons word dalk deur woorde ontmoedig, vals beskuldig, mis verstaan, of ons mag innerlik wanhopig voel en vra: "Hoekom moet ek so aangaan, Here?" Maar selfs dan is ons geroepe om met volharding te hardloop.

Niemand wil uitgesluit wees nie; ons wil graag ingesluit wees. Tog moet ons ons hart bewaar. **... vriendskap met die wêreld is vyandskap teen God.** (Jakobus 4:4). Die Bybel waarsku ons dat diegene wat hulle deur wêreldse waardes laat lei vergelyk word met "egbrekers en egbreeksters."

Daarom moet ons waaksaam bly in die wedloop wat God voor ons gesit het. Daar is nie plek vir kompromie nie. Bly standvastig, want die beloning is ewig.

## 3. HARDLOOP TOT DIE ENDSTREEP!

Die einddoel van die wedloop is nie net om klaar te maak

....verv. op.bls. 6

ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

GREAT COMMISSION PARTNERS

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE - 2025 Februarie 19 Tot 2025 Maart 18**

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)



## Prys God ...

- **Februarie 19** ➲ Sy seën oor ons Mediabediening en **Echo of His Call** YouTube kanaal om die onbereikte veeltalige mense te bereik.
- **Februarie 20** ➲ Sy seën op ons Kerkbediening wat dit meer georganiseerd laat funksioneer.
- **Februarie 21** ➲ Die goddelike beskerming van ons **Nehemia Bybelkolleges** en **St. Paul Matrikulasieskool** se studente.
- **Februarie 22** ➲ Sy seën met morele en geldelike ondersteuning van ons vennote.
- **Februarie 23** ➲ Sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.
- **Februarie 24** ➲ Ons Senior Pastoor en sy toegewydheid om die Evangelie te versprei deur 'n verskeidenheid van bedienings.
- **Februarie 25** ➲ Seën op die jeug om geesdriftig deel te neem aan al ons Kerklike aksies.
- **Februarie 26** ➲ Seën oor ons **Echo of His Call** se Mederedakteurs en hul gesinne.
- **Februarie 27** ➲ Beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.
- **Februarie 28** ➲ Die krag in sy Woord in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en susterkerke.
- **Maart 01** ➲ Seën oor ons **St. Paul Matrikulasieskool** se Hoof en die leerkragte en ander personeel.
- **Maart 02** ➲ Sy oorvloedige seën wat Hy oor ons werkers spoel.
- **Maart 03** ➲ Sy seën wat ons Hoofkerk van sending bewuste lede voorsien.

## Bid asseblief vir ...

- **Maart 04** ➲ Vrede in Israel, Rusland en Oekraïne.
- **Maart 05** ➲ Alle nasies se eenheid en vrede.
- **Maart 06** ➲ Christen Predikers dat hulle die Evangelie onvervals sal bedien.
- **Maart 07** ➲ Die toelating van verdienstelike studente vir ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** vir die 2025-26 akademiese jaar.
- **Maart 08** ➲ Toelating van nuwe studente vir ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2025-26 akademiese jaar.
- **Maart 09** ➲ Die nasies se kinders en jongmense dat hulle Jesus Christus sal aanneem as persoonlike Verlosser.
- **Maart 10** ➲ Beskerming van die wêreld se kinders en jeug teen verslawing aan selfone en aanlyn speletjies.
- **Maart 11** ➲ Die ouer garde in tuistes vir bejaardes.
- **Maart 12** ➲ Die voorsiening in al ons behoeftes vir hierdie maand.
- **Maart 13** ➲ Goeie gesondheid van ons Vennote en Staatskoördineerders.
- **Maart 14** ➲ Die die verspreiding van die Evangelie oral in Indië.
- **Maart 15** ➲ Oorvloedige guns in hierdie 2025 nuwe jaar.
- **Maart 16** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle soorte bose magte.
- **Maart 17** ➲ Die veiligheid van alle vroue en kinders in die wêreld.
- **Maart 18** ➲ Die gesondheid van ons personeel.

*verv. v. bls.4*

nie, maar om te oorwin en die prys te kry. Handelinge 20:24 sê: **Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak ...**

Liewe vriende, die lewe gaan verby en net wat ons vir Jesus Christus gedoen het, sal bly staan. Nou, aan die begin van hierdie jaar, is dit tyd vir selfondersoek. Hardloop jy die wedloop wat God vir jou het? Is jy op die regte spoor? Gee jy alles en hardloop jy met volharding ten spyte van die lastighede, terugslae en uitdagings wat jou wil laat ophou? Indien nie is nou 'n goeie geleentheid om jou weer toe te wy.

Kom ons hardloop in geloof, met volharding en vasberadenheid tot by die wenpaal. Moenie opgee nie! God is getrou. Hy lei jou nooit na 'n plek waar sy genade sal kortkom nie.

As die las wat jy dra oorweldigend voel, te swaar, of emosioneel dreinerend, kom dan voor God en stort jou hart uit. Sê vir Hom: “Here, ek sukkel met hierdie deel. Ek kan nie aanhou hardloop met hierdie las op my skouers nie.”

Dink na oor koning Hiskia se voorbeeld. Toe hy die Assiriese koning hoor dreig het sy hart gesidder. Hy het heel hulpeloos gevoel. Daardie koning het hom en sy geloof getart: “Hoe kan jy waag om teen my te staan? Waarin is jou vertroue? Wie kan jou red uit my hand? Dis verby. Niemand kan jou verlos nie. As jy wil kan ek jou 2000 perde gee – as jy ruiters kan kry – om teen my te veg!”

Wat 'n uitdaging! Verbeel jou koning Hiskia se geestelike en emosionele toestand op daardie oomblik. Maar tog, in sy wanhoop, het Hiskia na God gedraai wat sy ware bron van krag was.

Wat sou jy doen in daardie situasie? Die Assiriese konings was berug vir hul onmenslike optrede teen gevangenis, veral konings. Hiervolgens het Hiskia geweet sy toekoms lyk baie bleek. Hy kon sy geloof laat vaar het en die wedloop voor hom opgegee het. Maar Jesaja 37 vertel 'n ander verhaal:

1. Hy het na God se teenwoordigheid gegaan by die tempel en voor God gebuig.
2. Hy het sy probleme met God gedeel – hy het sy hart uitgestort en goddelike raad gevra. Dawid het in Psalm 119:26 geskryf: **Ek het my lewensloop aan U bekend gemaak en U het my gebed verhoor; leer my u voorskrifte.** Ek het vir U alles vertel van my lewe ... So word ons aangemoedig om ons probleme, mislukkings en teleurstellings vir God te gee, want dan sal Hy ons vir sy roete vorentoe leer.

## Hou aan hardloop!

Liewe manne en vroue van God, is jy al moeg om getrou te bly in jou bediening? Worstel jy om aan te hou? Moenie opgee nie! Dit is nie nou die tyd vir opgee nie. Staan op en hou aan hardloop tot Hy sê jy moet stop!

Wat ook al die uitdagings voor ons, laat ons hardloop met volharding.

## Hoe jy nie moet hardloop nie?

Moenie verniet hardloop nie. In Galasiërs 2:2 skryf Paulus: **... dat ek nie tevergeefs werk of gewerk het nie.** Wees versigtig dat jy in God se wedloop bly en nie jou pogings vermors nie. Onthou die les van die wêreldklas atleet Shiny Abraham. Al het sy eerste gekom in die wedloop het sy die medalje verloor weens 'n skynbaar onbenullige fout.

Soms kan ons hard werk, toegewyd en getrou, maar tog nie die prys wen nie. Hoekom? Want ons mag dalk mis wat God eintlik van ons wou gehad het. Ons mag dalk nie begryp wat die spesifieke reis is wat Hy vir ons beplan het nie.

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**
Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.
ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
HAAS JOU VIR TOELATING!
Medium : Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)
Diploma in Theology
Bid asb. vir
Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Laat ons tyd gebruik om God se wil te soek, sy bedoeling vir ons te snap en sy boodskap vir ons spesifieke lewe te hoor. Net dan kan ons doelgerig hardloop en oorwinnend eindig.

2 Samuel 18 vertel 'n besondere verhaal. Joab het vir koning Dawid geveg teen sy seun Absalom. Te midde van die konflik het Dawid duidelik beveel dat Absalom nie beseer moet word nie. Maar Joab het tog in die geveg oorwin en Absalom het gesneuwel. Hierdie tragiese nuus moes toe vir Dawid gegee word, 'n taak wat uiterste gevoelvolheid vereis.

Twee hardlopers was gewillig hiervoor. Maar Joab het vir Agimaas verbied om dit op daardie dag te doen, eerder dalk later. Joab kies toe 'n ander boodskapper, 'n Kussiet, om te gaan rapporteer wat hy gesien het. Die Kussiet begin toe hardloop, maar Agimaas dring toe aan om ook te gaan, en Joab stem toe later in. Agimaas was egter vinniger as die Kussiet en het hom verbygesteek en eerste by Dawid gekom.

Dawid het angstig gewag vir die uitslag en vra toe vir Agimaas hoe die veldslag verloop het. Maar die vinnige en ywerige Agimaas moes erken dat hy nie al die inligting het nie: **"... ek het 'n groot samedromming opgemerk**



***Die Kussiet vertel vir Dawid versigtig van Absalom se dood.***

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

**1. BIBLECOR** **Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

**2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE**

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**

**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

**GEEN WAPEN WAT GESMEE WORD OM JOU AAN TE VAL, SAL IETS UITRIG NIE; ELKEEN WAT VALS TEEN JOU GETUIG, SAL GESTRAF WORD. (Jesaja 54:17).**

NO WEAPON FORMED AGAINST YOU SHALL PROSPER, AND EVERY TONGUE WHICH RISES AGAINST YOU IN JUDGMENT YOU SHALL CONDEMN... ISAIAH 54: 17.

Baie kere wanneer ons 'n nuwe bediening vir die uitbreiding van God se Koninkryk begin het, het ons verskeie soorte teenstand en moeilikhede teengekom. Soms het die duiwel ons direk teengestaan, en soms het moeilikheid gekom deur mense. By verskeie geleenthede het ek alleen sulke probleme en teenstand ondervind.

Toe ons besig was met die bou van die hoofgebou was mense in die omgewing baie ongelukkig daaroor. Hulle het probeer om maksimum probleme te gee toe die bouwerk aan die gang was. Hulle het ook die betrokke werkers erg verhinder en weens die foltering deur sekere mense het baie van die werkers geloop en was dit baie moeilik vir my om aan te gaan. Ook die boukontrakteur wat 'n Christen was het weens die teenstand sy werkers gevat en weggehardloop van die perseel af.

Ander wat ook teen die werk van die Here was het my versigtig genader en gevra om die werk van die Here te stop op daardie plek, en gevra dat ek na 'n ander Christenplek moes verskuif en hulle sou my enige bedrag geld betaal daarvoor. Ek was baie vasberade in my roeping en het hulle nederig verseker dat ek hulle nie kon hoor nie, en het verduidelik dat dit die werk van die Lewende God was en hulle versoek om geensins teen hierdie werk te staan nie.

Maar hulle het aangehou om my geestelik en fisies te hinder. In daardie tyd van beproewing het ek verskeie Christen leiers en advokate in die stad genader om hande te vat. Ongelukkig het niemand kom help nie. Maar ek het baie tyd in gebed deurgebring en die Here gevra om by my te wees. Ek het vrede ervaar om in geloof aan te gaan.

Een dag het ons die betonvloere begin. Die trokke met gemengde beton het gekom en die werk het begin. Sommige bure het saamgespan teen my en begin skree teen die werk. Ek het nie geweet wat om te doen nie en moes toe die trokke terugstuur na hul plek van afkoms, maar ek moes die koste betaal. Maar 'n paar dae later het God my gehelp om die werk te voltooi.

Uiteindelik toe die werk klaar was, het ek uitnodigings gestuur na my vriende en goedgesindes om die Toewydingsdiens van die gebou te kom meemaak. Teen daardie tyd was al die voormalige teenstanders van die Here se werk weg. Party het verhuis weens gesinsprobleme; ander het hul eiendom verkoop en weggegaan; so baie hartseer dinge het gebeur in die lewe van die mense wat God se werk teengestaan het. Die grootste hartseer was dat ek hulle nie kon opspoor om vir hulle uitnodigings te gee om saam te kom na die Toewydingsdiens nie. Sommige geboue is gesluit en niemand woon lank nie meer daar nie. Ander geboue is afgetakel en niemand is daar nie.

Niemand kan teen God se werk bly staan nie. Ons plek is die besigste in die hele gebied. Mense aanbid daar in groot vryheid. Baie verskillende aksies is dag en nag aan die gang vir die uitbreiding van God se Koninkryk. Die Bybel sê: **"Die Here sal jou vyande wat jou aanval, vir jou laat vlug. Hulle sal uit een rigting teen jou opruk, maar in talle rigtings voor jou uit vlug.** (Deuteronomium 28:7). **Jy sal dié soek wat teen jou veg, maar hulle sal nêrens te vinde wees nie; dié wat teen jou oorlog maak, sal word soos niks, soos iets wat nie bestaan nie.** (Jesaja 41:12).

Liewe vriend, ondervind jy groot probleme en hindernisse in jou lewe al probeer jy om goeie werk te doen? Wees geduldig en kyk na God se gesig. Selfs as jy alles in jou lewe verloor het, is die toekoms steeds daar.

************

*verv. v. bls.7*

**... maar verder weet ek niks."** (2 Samuel 18:29). Geen sinvolle boodskap nie, al het hy vinnig en toegewyd en volhardend gehardloop.

Daarenteen was die Kussiet wel stadiger, maar het sy taak as 'n boodskapper verantwoordelik voltooi. Hy het die boodskap duidelik en versigtig oorgedra. Toe Dawid vra, het die Kussiet geantwoord: **... "Mag dit met die vyande van die koning en almal wat teen u in opstand kom en u ondergang wil bewerk, gaan soos met daardie kind."** (2 Samuel 18:32). So het hy taktvol vir Dawid ingelig oor Absalom se dood sonder om dit reguit te sê.

Die vergelyking tussen Agimaas en die Kussiet is treffend. Agimaas was 'n vinniger hardloper maar 'n swak boodskapper want hy het 'n belangrike element gemis – die boodskap! Die belangrikste verantwoordelikheid van 'n boodskapper is om die regte boodskap te gee, maak nie saak hoe welsprekend hy dit doen nie.

Nadenke oor hierdie gedeelte laat ons 'n les lees: Moenie soos Agimaas hardloop nie!

Liewe broers en susters, laat ons in die begin van hierdie jaar nie net vinnig en met moeite hardloop nie maar ook doelgerig en met helderheid. Hardloop om te wen!

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Gebedsdiens | : 24 uur |
| 2. | **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi | |
| 3. | **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans. | |
| 4. | Nehemia Bybelkolleges Drie (Aand / Residensiëel) | |
| 5. | Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil | |
| 6. | Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore) | |
| 7. | Opleidingsprogramme | |
| 8. | Veldtogte | |
| 9. | Literatuurverspreiding en Opvolg | |
| 10. | Evangeliese Drukpers -- Publikasies | |
| 11. | St. Paul's Matriculation School - Village English High School | |
| 12. | Sondagskole | : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag |
| 13. | **Tamil dienste** | **: 9.00 vm. Sondag** |
| 14. | **Hindi dienste** | **: 4.00 nm. Sondag** |
| 15. | **Telugu diens** | **: 5.00 nm. Sondag** |
| 16. | **Engels en Tamil diens** | **: 6.00 nm. Sondag** |
| 17. | Vrouebiduur | : 5.30 nm. Woensdag |
| 18. | Mannebiduur | : 7.00 nm. Vrydag |
| 19. | Dissipelskapsbyeenkoms | : 6.00 nm. Saterdag |
| 20. | Huisbyeenkomste | : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae |
| 21. | Spesiale Heilige Nagmaal | : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand |
| 22. | Terugvoervergadering van dominees | :5.30 nm. Eerste Saterdag |
| 23. | Gebedsgeleentheid vir ouers | :4.00 nm. Eerste Sondag |
| 24. | Naggebed | : 9.30 nm. Tweede Vrydag |
| 25. | Vastende Gebed | : 9.30 vm. Derde Saterdag |
| 26. | Heilige Nagmaal | : Tweede Sondagdienste |
| 27. | Jeug- / Kindergebede | : 10.00 nm. daagliks |
| 28. | Personeelgodsdiens | : 9.00 vm. daagliks |
| 29. | Kantoor | : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae) |

## ONMIDDELLIK BENODIG

**Salaris volens kwalifikasies en ondervinding.**

**ECHO OF HIS CALL brei vinnig uit. Ons benodig sending bewuste, toegewyde en getroue mans en vroue kandidate vir die volgende posisies:**

- Voltydse Hulppastore vir ons Hoofkerk
- Voltydse Hulppastore vir ons sustergemeentes in Chennai
- Voltydse veiligheidspersoneel
- DTP Operateurs en tikkers
- Vaardig in praat en skryf in Engels en ander tale
- Kantoorbestuurders wat belangstel in Administrasie
- Voltydse lektore vir Bybelkolleges

**Bid asb. vir**

- Vrywilligers wat ons bedienings kan bekendstel en bevorder
- Hon. Co-ordinators to serve in Editorial Board of **Echo of His Call**
- Voltydse voertuigbestuurders
- Hoof en Onderwysers vir die Matrikulasieskool
- Voltydse kokke (vroulik)
- Voltydse huishoudelike werknemers

Please Contact
**ECHO OF HIS CALL** office (OR) Doen aansoek by
whatsapp nommer : 98412 71858, E-pos : sam@echoofhiscall.org

RNITCNO.TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om **Echo of His Call** Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

### ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th FEBRUARY 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**